# PSALM 100

```
         G                      D         G
1.       Juig al wat leef, juig voor Yahweh!
               C                      A         D
         Dien Hom met blydskap, gee Hom eer.
               C       G       C      D
         Kom nader voor Sy aangesig
             G          C      D    G
         en prys Hom met ‘n lofgedig!

         G                      D      G
2.       Yahweh is God, erken dat Hy
            C            A      D
          ‘n eie volk vir Hom berei,
            C        G       C        D
          ‘n volk om Hom te dien en vrees
             G     C       D       G
         en skape van Sy wei te wees.

         G                       D      G
3.       Gaan deur Sy poorte in met lof,
               C            A      D
         met lofsang in Sy tempelhof.
               C     G        C          D
         Kom in Sy huis, verbondsvolk, saam;
             G     C      D       G
         verhef Sy lof en prys Sy Naam.

         G                     D      G
4.       Want goedertieren is Yahweh;
              C              A        D
         Sy goedheid eindig nimmermeer;
             C       G        C       D
         Sy trou en waarheid hou hul krag
            G      C      D    G
         tot in die laaste nageslag.
```